Die rolspelers wat hande neem vir uitreikaksies na Swaziland en Wolmer het Saterdag 'n sake-ontbyt ten bate van hierdie projekte bygewoon. Van links is Hannes de Villiers, dr. Arnau van Wyngaard, Japie Croukamp, Kola de Klerk en Jimmy Manders van die NH-kerk Witfontein.

Span wil nood verlig

Natashia Slabbert

'Saam is ons beter' - is 'n gesegde wat waar word sodra mense ontdek watter krag daar in goeie spanwerk is.

So meen ds. Jimmy Manders van die NH-kerk Witfontein in Wolmer.

Dié kerk, asook Judea Hope en Mission 4x4, hoop om juis binnekort deur spanwerk 'n daadwerklike verskil in behoeftige gemeenskappe te maak wanneer hulle einde Junie 'n uitreikaksie, Mission 4x4, na Swaziland onderneem en daarna 'n Wolmer-uitreik van stapel stuur.

"Die eerste aksie bestaan uit vrywilligers wat met hul 4x4-voertuie saam met plaaslike werkers van die Shiselweni Reformed Church uitgaan na ongerepte dele in Swaziland, waar HIV-pasiënte tuis versorg word."

Manders het verduidelik dat meeste van die HIV-pasiënte nie straatadresse het nie.

"Die bedieningspunte gaan deur Mission 4x4 met GPS-koördinate gevolg word. 'n Duisend kospakkies wat vooraf spesiaal verpak word, vorm deel van die uitreik na hierdie HIV-pasiënte."

Volgens Manders het hulle 'n sake-ontbyt op 2 Junie gehou om geld vir die uitreik-projekte in te samel.

"Die volgende stap is om lede van die gemeenskap bymekaar te kry om hul ondersteuning aan die kospakkie-pakprojek te leen. Ons wil op 9 Junie by die gemeente bymekaar kom om duisend kospakkies vir die Mission 4x4-projek op te maak," het Ronel Engelbrecht van die NH-kerk Witfontein gesê.

Volgens Manders gaan die Wolmer-uitreik ná die Swaziland-uitreik geskied.

"Die gemeenskap van Wolmer het daagliks 'n dringende behoefte aan kos. As daar gekyk word na die verskil wat hierdie voedingspakkies al in die lewens van ondervoede mense gemaak het, kan dit nie gering geskat word nie," het Manders gesê.